**Woensdag 8 November**
**Skrifgedeelte: Romeine 12:21; 13:1-8 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Romeine 13:5**
**Ons verhouding met ’n ongelowige regering: Wat sê my gewete?**
“Dit is dus noodsaaklik om onderdanig te wees, nie net uit vrees vir straf nie, maar ook ter wille van jou gewete” (Rom. 13:5). As gelowiges moet ons gewete in alles ons gedrag bepaal, want ons gewete word gevorm deur die Woord en geaktiveer deur die Gees van God. Wie net uit vrees vir straf aan die owerhede onderdanig is, kan net sowel ’n ongelowige wees.
Om ons geloof in die God en die Vader van ons Here Jesus Christus uit te leef, vra méér as net die opsê van sy gebooie en vrees vir sy straf. Dit is Hy wat ons leer om ons nie deur die kwaad te laat oorwin nie, maar die kwaad te oorwin deur die goeie (Rom. 12:21) en ons medemens uit liefde te dien, soos Christus (Rom. 13:8, 14). So lei die Gees ons om God te verheerlik óók deur gehoorsaam te wees aan die owerhede wat deur God ingestel is.
Die moontlikheid dat ’n sekere owerheid of gesagsfiguur as “ongelowig” beskou kan word, mag dalk húlle gedrag verklaar, maar óns gedrag teenoor hulle moet van ons geloof getuig. Hulle beskerming, straf en beloning is bloot tydelik, maar God s’n is ewig. Laat ons Hóm dan vertrou met wat Hý oor ons bring.
*Sing: Psalm 131-1:1-3*
*Ds. JA Schutte (Johan) (emeritus)*